

# DIE VERWERKING VAN SKULD

## TWEE FASETTE VAN SKULD


### 1. Die staat van skuld (skuldigheid)

- Om skuldig te *wees* - wanneer ons 'n wet oortree - opsetlik of nie (Levitikus 4:27)
- Slegs drie soorte wette
  - 'n Sosiale wet (Numeri 5:6)
  - 'n Statutêre wet (1 Petrus 2:13)
  - 'n Morele wet (1 Johannes 3:4)
- Om aan iemand iets *verskuldig* te wees agv 'n oortreding
  - 'n Ander persoon (bv. Matteus 5:23)
  - 'n Regeringsowerheid (Romeine 13:2)
  - 'n Heilige God (bv. Josua 7:20)

### 2. Die ervaring van skuld (skuldgevoel)

- Om skuldig te *voel* - wanneer ons gewete ons aankla (bv. Psalm 51:5)
  - 'n God-gegewe sin van reg en verkeerd (Romeine 2:15)
- Om 'n gevoel van *veroordeling* te ervaar
  - Waar ons onself blameer (bv. Psalm 51:6)
  - Waar ons in ons gees bedruk voel (bv. Psalm 38:5)

## VIER MOONTLIKE TOESTANDE



## HANTERING VAN ONDERDRUKTE SKULD

### 1. Dit ontstaan agv die rasionalisering van die oortreding

- Ons verskoon dit as menslike swakheid
  - "Ons is maar almal sondaars"
- Ons pak die skuld op iemand anders
  - "As dit nie vir so-en-so was nie" (bv. Genesis 3:12-13)

- **Ons regverdig dit as normaal**
  - "Almal doen dit" (vgl. Eksodus 23:2)

2. **Onderdrukking verwyder egter nie die skuld nie**
  - Onerkende skuld kan nie vereffen word nie (Spreuke 28:13)
    - Wat is daar om te vergewe?
  - Dit tap ons emosioneel en fisies (Psalm 32:3-4)
    - Ons kan nooit daarvan ontsnap nie (bv. Spreuke 28:17)
  - Dit verwoes mettertyd die gewete (1 Timoteus 4:2)
    - Dit loop uit op boosheid en verdraaing (Romeine 1:18,28)
  - Dit is waarom die Sielkunde nie 'n antwoord het nie
    - Dit poog slegs om die simptome van skuld te verlig - en verwyder nie die werklike skuldigheid nie
3. **Die enigste oplossing is belydenis**
  - Om die skuld te erken en dit te vereffen (Psalm 32:5)

## **VEREFFENING VAN ERKENDE SKULD**

1. **Skuld kan slegs vereffen word deur middel van betaling**
  - Sosiale skuld : verskoning
    - 'n "Publieke" oortreding vereis 'n "publieke" betaling Handeling 16:37
  - Statutêre skuld : 'n boete of tronkstraf
    - God se opdrag aan die Staat is om oortreders te straf (Romeine 13:4b)
  - Morele skuld : die ewige dood (Romeine 6:23)
    - 'n Skuld wat Jesus bereid was om namens ons te betaal (1 Petrus 2:24)
    - Let wel: Dit was die enigste skuld wat Hy vereffen het – ons moet self die ander skuld vereffen
2. **Bekering moet die betaling vergesel (Spreuke 28:13)**
  - Herhaalde sosiale oortredings maak herhaalde verskonings ongeldig
  - Herhaalde misdade lei uiteindelik tot permanente straf
  - Opsetlike voortgesette sondes maak Jesus se offer kragteloos (Hebreërs 10:26)
3. **Betaling vereffen die staat van skuld, dws. die skuldigheid**
  - Dit verwyder nie die gevoel van skuld nie
  - Die vereffening moet eers aanvaar word
  - Aanvaar deur wie? Die oortreder of die verontregte?
4. **Die oortreder moet die vereffening aanvaar**
  - Sosiale vergifnis kan nie afdwing word nie (Romeine 12:18)
    - Dit is die verontregte se keuse om te vergewe of nie
  - Oud-gevangenes hoef nie skaam te voel nie
    - Al vergewe die gemeenskap hulle nie altyd nie
  - Ons moet Jesus se vereffening van ons skuld aanvaar (Johannes 1:12)
    - As ons Sy aanbod weier, moet ons self die skuld vereffen (Johannes 8:24)
  - Die doel van belydenis is om vergifnis te *aanvaar*, nie te verkry nie
    - As ons nie aanvaar dat die skuld vereffen is nie (en dit verg 'n stap van geloof) belas ons onself met *valse skuld*

## OORKOMING VAN VALSE SKULD

1. 'n Sin van veroordeling sonder dat ons skuldig is
  - Dit lei uiteindelik tot:
    - Depressie ("Ek is so 'n mislukking")
    - Boetedoening ("Ek sal volgende keer harder probeer")
2. Waar kom valse skuld vandaan?
  - Van 'n wettiese teologie
    - Die fokus is voortdurend op die "moets" en "moenies" van die christelike lewe
  - Van die "wysheid" van nabetragting
    - Waar ons onself *onredelik* blameer ("Ek moes dit of dat gedoen het")
  - Van die Satan self
    - Hy geniet dit om gelowiges te beskuldig – om ons karakter aan te val (Openbaring 12:10)
    - Die Here wys wangedrag uit wat tot bekering lei (2 Korintiërs 7:10)
3. Waarom is sommige mense meer vatbaar vir valse skuldgevoelens?
  - Uiters kritiese ouers
    - Die kinders se tekortkominge is voortdurend uitgewys
  - Onwilligheid om onself te vergewe
    - Omgekeerde hoogmoed ("Hoe kon ek so iets ooit gedoen het?")
  - Onaanvaarding van die skuldvereffening (2 Korintiërs 6:1)
    - Ons probeer voortdurend om versoening te bewerkstellig (bv. Genesis 50:15-18)
4. Oorwinning oor skuldgevoelens
  - Bepaal of 'n wet oortree is
    - Indien wel, erken die oortreding, betaal die skuld EN aanvaar die vereffening
    - Indien nie, ontleed waar die skuldgevoelens vandaan kom - skryf dit neer :
  - Was dit 'n mens-gemaakte wet wat oortree is?
    - Dank die Here dat ons vrygemaak is van reëls (Galasiërs 5:1)
  - Was dit agy emosionele manipulasie deur ander mense?
    - Dank die Here dat slegs Hy ons kan beoordeel (1 Korintiërs 4:3-4 OV)
  - Was dit vanweë jou onvolmaaktheid ?
    - Dank die Here dat jy nog "onder konstruksie" is (Filippense 1:6)
  - Was dit 'n beskuldiging van die Satan?
    - Staan hom teë en hy sal vlug (Jakobus 4:7)

**WEIER OM JOUSELF TE BELAS MET VALSE SKULD !**

## GENIET JOU SKULDVRYE TOESTAND

1. Niemand kan na regte 'n gelowige beskuldig nie (Romeine 8:1,33)
2. Ons kan ter enige tyd God met vrymoedigheid nader (Hebreërs 10:22)
3. Maar ons moet 'n goddelike leefwyse handhaaf (Efesiërs 4:22-24)
4. En ons moet kort rekeninge met God hou (1 Johannes 1:9)

- - - o 0 o - - -

